A

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 — PRETORIA

1988-01-22

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 330

(Bladsye 18 859 - 18 894)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 22 JANUARIE 1988.

MOTLALEPULE MARTHA OLIPHANT, nog onder eed

MR BIZOS : My Lord, accused no. 13 is still absent.

COURT : Is there any progress as far as he is concerned?

MR BIZOS : I have a report from our attorney that he is much better and the probabilities are that he will be here on - there is just one aspect. I was not sure yesterday and that is why I did not object. I did not recall Mr Oliphant being involved in any broadcasting on the 2nd and the 3rd, as was put to the witness. I have not been able to find any reference to it. It may be that a mistake has been made because there is the evidence of accused no. 10 that he broadcast about the meeting of the 26th, but not of the 2nd and the 3rd, that he assisted with the broadcasting preparatory to the meeting of the 26th. The evidence of accused no. 10 I believe is to that effect, but not on the 2nd or the 3rd.

COURT : I am making a note and I will look it up. Have you got a reference, Mr Jacobs?

MNR. JACOBS : Ek het nie 'n verwysing nie, maar daar was getuienis, as ek reg onthou, dat op die 2de toe die spesiale vergadering gehou was om die opmars se reëlings te tref, toe was sekere van die mense besig met uitsendings en een van die beskuldigdes het getuig hy moes na die saal waar hulle die vergadering gehou het gegaan het, met iemand daar gepraat het of geld gekry het en toe is hy weer uit en toe het hulle nog weer uitsendings gedoen op die 2de.

HOF : Nee, maar wat u direk gestel het aan die getuie is dat haar man het op die 2de deelgeneem aan die uitsaai bewyse van luidspreker en het haar gekritiseer dat sy nou nie daarvan sou weet nie. Daardie verwysing wil ek graag hê,

asseblief/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

asseblief.

MNR. JACOBS : Soos dit u behaag.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Op 3 September 1984 het jy vir die hof gesê het jy by die kerk aangekom en deur die vierkant is jy reguit na die saal toe en in die saal in? -- Dit is die waarheid.

Was daar baie mense in daardie vierkant gewees? -- Mense wat ek opgelet het is die mense wat na binnekant toe gegaan het.

So, toe jy daar aangekom het, was die mense wat in die vierkant was, besig om in die saal in te gaan? -- Dit is so.

Het jy enige mense gesien daar in die vierkant in die omgewing van die deur van die saal of in die vierkant wat enigiets anders gedoen het? -- Nee, ek het niemand gesien nie.

Het jy nie mense gesien wat besig was om plakkate te skryf daar nie? -- Ek het hulle nie gesien nie, want ek het direk in die saal ingegaan.

Maar as jy so reguit geloop het na die saal toe en die mense is daar in die omgewing van die deur besig, sou jy nie die mense gesien het nie? -- As die mense byvoorbeeld in die onmiddellike omgewing was van die deur, dan sou ek daardie mense gesien het, want ek het direk na die deur toe gestap.

En toe u nou direk na die deur toe stap en instap, was dit maklik gewees. U het sommer net ingestap. Daar was nie mense wat voor die deur saamgedrom het nie? -- Toe ek in die saal ingegaan het, was daar reeds mense gewees wat by die deur binne-in die saal gestaan het. Ek het dus by daardie mense aangesluit en daar gestaan, aangesien ek nou nie



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verder kon kom as dit nie.

Maar buitekant die deur, buitekant die saal, het daar nie mense om daardie deur saamgedrom nie? -- Ek het nie buite gestaan nie. Ek het binne gestaan. Met die gevolg dat ek dan nie in staat was om te sien of daar mense buite gestaan het nie.

My vraag was aan u gewees toe u by die deur kom en ingegaan het, was daar op daardie stadium nie mense buitekant wat saamgedrom het nie? -- Mense wat ek gesien het was wat binne by die deur gestaan het.

Moet ek dan aanvaar daar was niemand wat buite die deur saamgedrom het nie? -- Maar ek verduidelik mos aan u van wat gebeur het met my aankoms daar.

Antwoord net my vraag asseblief? -- Ja, met my aankoms daar was daar nie mense gewees nie. Die mense was besig om binne-in te gaan.

Wat was die mense binne-in die saal besig gewees om te doen toe jy daar arriveer het? -- Hulle het geluister na wat daar binne gesê word.

Is die effek van jou getuienis dan toe jy daar ingegaan het in die saal was hulle reeds besig met die toesprake? -- Dit is so.

So, jy kan nie vir die hof sê presies wat was hulle gesê toe jy daar aangekom het nie? -- Ek het alreeds gesê dat dit waarvan ek getuig het, is wat plaasgevind het terwyl ek alreeds daar was.

Wie was besig met 'n toespraak toe u nou daar ingekom het? -- 'n Persoon wat daar besig was met 'n toespraak was Esau Raditsela.

Kan jy vir die hof sê wat se klere het hy aangehad

daardie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardie dag? -- As ek reg onthou het hy ŉ "lumber jacket" aangehad wat ŉ ritssluiter gebruik om voor toe te maak.

Was hy tot bo toe? Was die ritssluiter tot bo toe? -- Tot omtrent so ver. (Getuie dui aan)

HOF : Middel van die bors.

MNR. JACOBS : Het jy op enige stadium gesien dat hy - is dit nie moontlik dat jy miskien ŉ fout maak en dat hy ŉ baadjie aangehad het nie? -- Sover as wat ek kan onthou was dit ŉ "lumber" gewees.

ŉ Baadjie en dan het hy ook ŉ T-hemp aangehad? -- Ek het nie opgelet wat die persoon onder aangehad het nie. Ek het net dit wat hy bo aangehad het gesien.

Was hy alleen op die verhoog gewees of was ander mense saam met hom op die verhoog? -- Daar was wel ander mense gewees wat daar gestaan het.

Op die verhoog by hom? -- Ja.

Het jy enige van hulle geken? -- Nee, ek het net gesien dit is baie mense wat daar by hom staan.

Was hierdie saal vol mense gewees? -- Ek kan nie met sekerheid sê of hierdie saal vol was nie, want waar ek gestaan het, was binne-in die saal by die deur. Ek kon dus nie ver gesien het in die saal in om in staat te kan wees om vir u kan sê of die saal vol was nie.

Het u nie probeer om ŉ sitplek te kry nie? -- Nee, ek het nie. Die rede daarvoor was dat met my aankoms daar vind ek dat daar baie mense alreeds binne-in die saal was wat gestaan het. Ek het toe die indruk gekry dat daar nie meer sitplek was nie. Dus daar was nie moeite vir my gewees om sitplek te gaan soek nie.

Het u u man in die saal gesien? -- As gevolg van die

posisie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

posisie van waar ek gestaan het kon ek hom nie sien nie. Eintlik daar is baie dinge wat ek nie sou gesien het van waar ek gestaan het nie.

Het u vir eerwaarde Mahlatsi in die saal gesien? -- Hy ook nie.

Het u beskuldigde nr. 17 of beskuldigde nr. 8 in die saal gesien? -- Ek het hulle ook nie gesien nie.

Die twee persone wat vir Esau Raditsela ondersteun het, volgens u getuienis, het u hulle gesien? -- Nee, ek het hulle nie gesien nie.

Hoekom nie? -- Ek het alreeds hier gesê dat van die posisie waar ek gestaan het, was daar sekere dinge wat ek nie kon sien nie. Ek het wel vir Esau gesien omdat hy meer na vorentoe gestaan het.

Het u enige baniere daar in die saal gesien? -- Wat is ŉ banier?

ŉ Vlag met twee stokke wat hulle so dra, ŉ lang lapvlag? -- Nee, ek het geen lap daar gesien nie.

Het jy enige plakkate daar in die saal gesien? -- Ek het dit nie gesien nie.

Toe die twee persone vir Esau ondersteun het, hoe het hulle dit gedoen? Het hulle net gesê hulle stem saam met hom wat hulle daar sê of het hulle enige toesprake op hulle eie gelewer? -- Die woorde wat hulle gebesig het, was die woorde wat Esau se toespraak eintlik ondersteun het.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry wat u bedoel. Het hulle gesê "Ons stem saam met wat hierdie meneer hier gesê het en ons wil hê julle moet so maak" of het hulle dieselfde gesê as wat hy gesê het en daarvan lei u af dat hulle hom ondersteun het? -- Ek sê hulle het hom ondersteun in die sin



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat hulle gesê het die manier waarop die persoon Esau alreeds gepraat het, stem hulle ook daarmee saam. Dus sê hulle dat die mense, die gehoor, doen soos Esau gesê het.

MNR. JACOBS : Kan u vir die hof sê die deel van die toespraak van Esau Raditsela wat u gehoor het, het hy daar in daardie toespraak verwys na die raadslede? -- Ek het nie in sy toespraak gehoor dat hy iets gesê het wat die raadslede geraak het nie.

Het hy nie daar gemeld dat die optog sal nou gaan na Houtkop om daar met die raadslede te gaan praat nie? -- Hy het so gesê.

So, hy het verwys na die raadslede dan? -- Ja.

Het hy daar gesê wie sou met die raadslede praat? -- Sover as wat ek kan onthou kan ek nie my voorstel dat hy ooit gesê het dat ŉ spesifieke persoon met die raadslede gaan praat nie.

Het hy gesê met watter raadslede gepraat sou word? -- Die raadslede wat daar moes ontmoet word, was Sebokeng se raadslede.

Het hy so gesê? -- Ja, want dit was mos Sebokeng se inwoners wat na Houtkop toe gegaan het.

Het hy gesê watter raadslede van Sebokeng sou daar ontmoet word? -- Nie op name nie.

Die raadslede van Sebokeng, is dit so dat party van hulle werk self? -- Werk self? Beteken dit dat hulle vir iemand anders werk?

Ja?

HOF : Werk ŉ mens nie self as jy vir jou self werk nie?

MNR. JACOBS : Ek sal altwee saam vat, want die tweede vraag sou gewees het .. (Hof kom tussenbei)

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Ek stel net belang in u antwoord van ja.

MNR. JACOBS : Dit was eintlik hier gemik op die self, dat hulle self ook werk by werkgewers? -- Ek kan nie daaroor getuig dat hulle in diens is van iemand waar hulle werk en of hulle self hulle eie besighede het waarvoor hulle self moet werk nie.

HOF : U eie raadslid, wie was hy? -- Jan Mokoena.

Weet u of hy in iemand anders se diens was en of hy vir hom self gewerk het? -- Ek weet nie. Ek het nie sy agtergrond nie.

MNR. JACOBS : Weet jy of hy miskien die eienaar of wie die eienaar is van Jackpot Supermarket in gebied 3? -- Daar is twee supermarkets in daardie omgewing waar ek woon. Albei met die naam van Jackpot. Daar is een in die nabyheid van die skool ook met die naam van Jackpot en hierdie een is geleë in die nabyheid van ŉ busstop. Ek weet nou nie watter een praat die advokaat van nie.

Weet jy of mnr. Jan Mokoena ŉ besigheid besit met die naam van Jackpot Supermarket? -- Die enigste Mokoena wat aan my bekend is as ŉ eienaar van ŉ Jackpot Supermarket is predikant Mokoena wat in gebied 3 woon by die groot huise.

Verstaan ek jou getuienis dan korrek dat jy weet nie of enige raadslid in Sebokeng enige besigheid besit nie? -- Ek weet nie van een wat ŉ besigheid het daar nie.

HOF : Geld dit nou kennis soos in 1984? -- Ek weet nie dat Jan enige besigheid geëien het nie. Ek ken Jan as ŉ bouer van huise. Ek weet nou nie of dit sy besigheid was nie. Of hy miskien daar gehuur was nie.

MNR. JACOBS : Gedurende 1984, in daardie tyd, weet u dan of daar enige algemene klagtes was dat raadslede die mense



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is wat besighede besit? -- Ek het daarvan gehoor dat hulle wel besighede gehad het van hulle eie, maar sonder om daarvan te kan getuig watter een is wie s'n.

Wat u self aanbetref, wat u in 1984 gehoor het, was daar ook niks snaaks omtrent die besit van besighede deur hulle nie? -- In antwoord sal ek sê daar sal niks wees wat snaaks is vir my as 'n persoon 'n besigheid van sy eie het nie want dit beteken vir my dit is hoe die persoon dit goed gekry het om dit te eien.

Sover u kennis strek was daar ook niks gesê wat snaaks is oor die besighede wat hulle besit nie?

HOF : Bedoel u nou met snaaks lagwekkend?

MNR. JACOBS : Nee, snaaks in die sin van enige stigma daaraan te kleef nie.

HOF : Buitengewoon of eienaardig sou miskien 'n beter woord was as snaaks.

MNR. JACOBS : Dankie, dit is 'n beter woord. -- Is die vraag dat ek dit nie eienaardig gevind het dat hulle besighede gehad het nie?

Nee, dit het jy klaar geantwoord. Daardie vraag was netnou al gevra. Ek vra was daar niks gesê daar rond wat daarop neerkom dat dit eienaardig is of buitengewoon is dat hulle besighede besit nie? -- Dat dit waar gesê word dat dit snaaks is of eienaardig vir die mense om besighede te eien?

Vra jy vir my 'n vraag nou? As dit so is, sê vir die hof dit is so. As dit nie so is nie, sê vir die hof dit is nie so nie.

HOF : As u nie weet nie, sê net u weet nie? -- Ek weet nie.

MNR. JACOBS : Stem u saam dit was belangrik dan gewees dat op 3 September as julle by Houtkop kom dat dit nodig is

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat julle die raadslede daar moet hê om met hulle te kan praat? -- Dit is so.

En op hierdie vergadering was geen raadslede nie. Is dit reg? -- Ja, hulle was nie daar nie.

Het Esau toe gesê hoe gaan julle nou as julle so na Houtkop toe loop maak om die raadslede te kry om saam met julle te gaan om na Houtkop toe te gaan om julle daar te woord te staan? -- Nee, dit was nie so gesê nie.

Hoe sou julle dan verseker as julle dan by Houtkop aankom om die raadslede nou daar te hê? -- Dit was ŉ Maandag gewees en dit wil sê gedurende die week, nie ŉ naweek nie. Dus ons het daarvan geweet dat die meeste van hulle by Houtkop beskikbaar sal wees en tweedens, dit is vir hulle belangrik om op ŉ Maandag bymekaar te kom. Met die gevolg dat ons dus aanvaar het dat hulle daar in ŉ groot getal gaan wees.

Selfs mense wat ook gewerk het as daar van hulle is wat vir ander besighede werk. Dan sou hulle nog Maandag hulle werk gelos het en gesorg het dat hulle by die raadskantore is? -- Ja, dit kan so wees.

Het Esau nie vir julle op die vergadering daar gesê dat daar mense sou wees wat gekies is wat met die raadslede sou praat nie? -- Nee, dit het ek nie gehoor nie.

Kan u onthou of hy enigiets gesê het dat daar sal nog mense dan gekies moet word om met die raadslede te onderhandel? -- Al was dit gesê, het ek nie daarvan geweet nie.

Maar die vraag is, was dit gesê daar of kan jy nie onthou dat dit gesê was nie? -- Ek onthou nie dat dit so gesê was nie.

Op hierdie vergadering, kan u onthou of daar enige

sprake/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sprake was van ŉ petisie? -- Is dit nou by hierdie vergadering van die 3de waarvan u praat?

Ja? -- Niks was gesê oor die petisie by hierdie vergadering van die 3de nie.

En is ek korrek om dan te aanvaar dat volgens jou kennis strek sou daar nooit enige petisie daar ter sprake gewees het om na Houtkop te neem nie? -- Ek het alreeds vir die hof gesê dat op hierdie dag van die 3de het niemand van die petisie gepraat nie.

Het Esau op hierdie vergadering van die 3de enigiets gemeld omtrent wat sou gebeur as die polisie die optog voorkeer en verhoed dat dit verder gaan? -- Wat hy gesê het was as dit kan gebeur dat daar polisie was wat die mense voorkeer moet die mense net staan, daar sal persone wees wat saam met die polisie sal gaan praat. Die persone se name was nie genoem aan ons nie.

Het hy gemeld wat verder moet gebeur as die polisie nie wou luister na die mense nie? En nie wou toelaat dat die opmars dan voortgaan nie? -- Wat dit betref het hy niks gesê nie.

Het hy nie gesê wat se voorsorg die mense moet tref as die polisie nie wil luister nie en die mense met traanrook uitmekaar uit jaag? -- Hy het niks gesê van iets sleg wat die polisie moontlik kan doen nie. Die rede daarvoor was dat omdat die optog ŉ vreedsame optog was.

Kan jy onthou of hy iets gemeld het dat die mense moet nat lappe vat om aan te wend as daar traanrook gegooi word? -- Ek het nie sulke woorde gehoor nie.

Die persone wat buitekant gepraat het, jy het gesê dit is twee van die beskuldigdes, 8 en 17? -- Dit is so.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het hulle toesprake afgesteek daar buite?

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Die persone wat binne gepraat het, daar was twee wat u nie kon sien nie. Was dit dieselfde persone - was dit die beskuldigdes wat buite gepraat het of was dit mense met ander stemme? -- Die persone se stemme was nie identies nie.

MNR. JACOBS : Toe beskuldigdes nrs. 8 en 17 buitekant ook weer Esau se toespraak beaam het, het hulle toesprake van hulle eie afgesteek of het hulle ook maar net weer gesê hulle stem saam met wat Esau gesê het en die mense moet luister na wat Esau gesê het? -- Hulle het hom gesteun op sy toespraak wat hy gelewer het.

Maar my vraag is tog eenvoudig. Het hulle toesprake op hulle eie gelewer of het hulle net gesê hulle beaam wat hy sê en die mense moet luister na wat hy sê? -- Om dit te beaam het hulle die volgende woorde gesê, dat hulle 'n versoek rig aan die gemeenskap om met vrede te stap. Dit is ten opsigte van beide die sprekers en boonop dit het mnr. Matlole verder gesê dat hy 'n verdere versoek rig dat die optog nie vinnig moet beweeg nie.

Is u seker dat dit mnr. Matlole is wat gesê het die optog moet nie vinnig beweeg nie of maak u miskien 'n fout daarmee? -- Sover ek onthou, ja.

Is dit moontlik dat dit beskuldigde nr. 8 was wat dit kon gesê het? -- Miskien, ja. Dit kan wees dat dit hy is, maar sover ek onthou, my geheue is dat nr. 17 die persoon is.

Toe u nou buitekant die saal gekom het, waar het u die - waar was die plakkaatdraers gewees? -- Hulle het op die perseel gestaan in die nabyheid van die hek.

So, toe u uit die saal uit kom, het hulle klaar daar

gestaan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gestaan? -- Ja, want die gemeenskap wat daar teenwoordig was, was besig om soontoe te beweeg.

Maar dit is nou nog voordat Esau die mense toegespreek het? Daar buitekant toegespreek het? -- Ja.

So, agter die plakkaatdraers het daar alreeds mense in geval gehad agter die plakkaatdraers toe u uitgekom het? -- Ja.

Was daar alreeds 'n optog opgestel daar en het julle net daarby gaan aansluit soos julle uitgegaan het uit die saal uit? -- Dit is so.

Toe Esau die mense buitekant toegespreek het, was hulle daar waar hulle alreeds opgestel was of waar het hy hulle toegespreek? -- Hy het die mense toegespreek waar die optog opgestel was.

Het hy hulle toegespreek soos die mense reeds gestaan het ook in die optog? -- Ja.

Is ek reg dan om te sê dat toe hierdie optog begin was om dit op te stel, was u nog nie buitekant gewees nie, u was nog in die saal? -- Ja, dit is voor ek die saal verlaat het. Met my uitkoms uit die saal uit, het die mense alreeds gestaan.

HOF : U is waarskynlik uit die saal uit voor Esau uit die saal gekom het. Is dit reg? --Nee, nie voor hom nie.

Want ek het die indruk gekry julle het die deur toe gestaan. Dus julle sou waarskynlik eerste uitgegaan het? -- Dit is reg, maar ek het daar naby gaan sitplek inneem as gevolg van my voet wat alreeds gepyn het. Dus was daar mense gewees wat by my verby gestap het terwyl ek nog sit daar.

MNR. JACOBS : Is jy heel laaste uit die saal uit of is jy

darem/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

darem voor uit? -- Ek was nie die heel laaste persoon gewees nie. Op ŉ stadium voor daar ŉ laaste persoon uit was, het ek die saal verlaat.

Buitekant die saal is dit nie so dat Esau buitekant die saal die mense wat daar buitekant was, almal daar waar hy was bymekaar geroep het en dat hulle om hom kom staan het toe hy gepraat het nie? Is dit verkeerd? -- Ek het alreeds vir die hof gesê dat Esau voor my die saal verlaat het en met my aankoms daar buite na ek die saal verlaat het, was hy alreeds daar. Ek is dus nie in staat om vir die hof te kan sê wat hy gedoen het net voor ek die saal verlaat het nie.

Kan ek dit miskien so aan u stel. U is baie beslis seker hy het die mense toegespreek toe hulle alreeds in ŉ optog gestaan het en nie die mense wat om hom gestaan het soos iemand wat mense nader geroep het na hom toe nie? -- Dit was gedurende die tyd wanneer die optog opgestel word.

U sien, as beskuldigde nr. 8 vir die hof sou gesê het dat Esau was die laaste persoon om uit die saal uit te kom, was dit eintlik nie reg nie? -- Ek kan sê dit is hoe hy dit onthou.

Maar dit is verkeerd, want jy stem nie daarmee saam nie? -- Volgens my getuienis het ek alreeds vir hierdie hof gesê dat ek getuig oor wat ek nog kan onthou daar plaasgevind het.

U Edele, die stelling wat ek gemaak het aan haar verskyn op volume 171 bladsy 8 814. Kan u vir die hof sê, toe u uit die saal uit gekom het en die plakkaatdraers daar gesien het met die mense wat reeds in geval het, was daar behalwe die plakkaatdraers leiers wat voor daardie optog gestaan het? -- Leiers in die sin dat hulle nou besig was om te loop of



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat net daar posisie ingeneem het heel voor?

Ja, mense wat posisie heel voor ingeneem het en as die opmars sou begin loop, sou hulle die leiers wees? -- Sover ek onthou het ek nie mense gesien wat heel voor, dit wil sê posisie ingeneem het voor die mense met die plakkate nie.

Kan u onthou of hierdie optog wel leiers gehad het wat voor die plakkaatdraers posisie ingeneem het? -- Soos ek alreeds vir die hof gesê het dat ek heel agter was in hierdie optog, is ek nie in staat om vir die hof te kan sê of daar wel ander persone was wat dan as leiers beskou kan word voor die plakkaatdraers nie.

So, volgens u kennis weet u glad nie of daar enige leiers voor die plakkaatdraers posisie ingeneem het en voor die plakkaatdraers geloop het nie? -- Behalwe eerwaarde Mahlatsi waar ons gestaan het toe hy gesê het dat hy na vorentoe gaan, weet ek van niemand anders nie.

Hoe het hy gesê waar gaan hy heen na vorentoe? -- Al wat hy gesê het is dat hy na vorentoe gaan by hierdie optog. Presies waar het hy nie gesê nie.

Hy het ook nie gesê hy gaan 'n leier wees van hierdie optog nie? -- Ek het hom nie gehoor dit sê nie.

Wat sal u sê van 'n bewering dat daar was leiers van hierdie optog wat uitgegaan het eerste by die hek en in die grondstraat langs die kerkperseel posisie gaan inneem het eerste? -- Ek het geen kommentaar daaromtrent nie, want ek het dit nie gesien plaasvind nie.

En daarna dat toe was die plakkaatdraers geroep om agter die leiers wat daar gestaan het te gaan posisie inneem in die straat? En daarna is die gewone mense uitgebring om weer posisie te gaan inneem agter die plakkaatdraers en

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat dit so was wat hierdie opmars opgestel was? -- Waarvandaan is die gewone mense nou gehaal om in te val agter die plakkaat-draers?

Uit die vierkant uit, uit die kerkperseel uit? -- Sover ek onthou was die optog opgestel by die hek voor die vertrek.

By die hek binne-in die kerkperseel? -- By die hek bedoel ek dat die gemeenskap wat agter die plakkaatdraers in geval het was binne op die perseel van die kerk terwyl die plakkaatdraers self net buite die hek was, dit wil sê aan die straat se kant.

Was hulle buitekant die hek? -- Ja.

Wanneer het hulle soontoe beweeg, want ek het jou getuienis verstaan toe jy uit die kerksaal uit gekom het het hulle naby die hek gestaan en die mense was agter hulle opgestel. Wanneer het hulle uit beweeg? -- Ja, die optog was daar opgestel. Terwyl hulle daarmee besig was, was die plakkaat-draers alreeds uit die hek uit.

En u was taamlik agter in hierdie prosessie gewees. Hoe kon u die plakkate gelees het en hulle moes tog seker met hulle rug na u toe gestaan het, met die rugkant van die plakkate? -- Ek het nie gesê dat die plakkate met die agterkant na my toe was nie.

Het hulle met die voorkant daar in die prosessie gestaan na jou kant toe? -- Met my uitgaan uit die saal uit, het die plakkaatdraers net voor die hek buite in die rigting van die perseel gestaan en kyk met die plakkate. Dus as 'n mens die saal verlaat en in daardie rigting kyk, val jou oë op die plakkate.

Verstaan ek dit nou reg, is jou getuienis nou tot die effek dat toe jy uit die saal gekom het was die plakkaatdraers

reeds/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

reeds buitekant die perseel gewees by die hek waar hulle gestaan het? -- Ek het alreeds vantevore so gesê. Ek aanvaar dat ek wel so gesê het.

Nadat Esau Raditsela buitekant die perseel klaar gepraat het, wat het hy toe gedoen?

MNR. BIZOS : Buitekant die perseel?

MNR. JACOBS : Buitekant die kerk klaar gepraat het, buitekant die kerksaal, wat het van hom geword? -- Hy is saam met hierdie optog weg toe dit daarvandaan vertrek het.

Waar het hy sy posisie gaan inneem? -- Ek het opgemerk dat hy langs die optog daar beweeg het in die nabyheid van die gedeelte van waar ek was, waar hy beheer uitgeoefen het met die optog se mense wat deelgeneem het, dat hulle nie in die hele pad moet loop nie, dat hulle in die optog moet terug val.

Kan u vir die hof sê, het hy daardie posisie ingeneem terwyl u nog steeds in die kerkperseel was of was dit nadat u uit die kerkperseel uitgegaan het? -- Ek verstaan nie u vraag nou nie. U het my gevra toe ons daar beweeg het met die optog watter posisie het Esau ingeneem. Ek het aan u verduidelik waar Esau was by die optog en na die verduideliking vra u my nou weer was dit die posisie toe ek uit die saal gekom het. Dit vat my mos terug.

Ek sal my vraag herhaal. Blykbaar het u hom nie verstaan nie. Nadat Esau buitekant die kerksaal sy toespraak en al die pratery daar voltooi was, was my vraag aan u gewees waarheen het hy toe gegaan? Wat het van hom geword? -- Hy was besig met die voorbereiding van die optog, dat mense posisies moet inneem sodat hulle in die optog moet wees.

Het hy opgetree as 'n "marshall"? -- Dit is so.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En het hy opgetree as 'n "marshall" met die opstel van die opmars nog reeds op die kerkperseel? -- Ja, dit is so.

En toe die optog nou weg beweeg en uit die kerkperseel beweeg, het hy sy posisie daar aan die kant van die opmars, soos u gesê het naby die plek waar u in die opmars was, gehou en so saam met die opmars beweeg? -- Ja, langs die optog in die nabyheid van die gedeelte waar ek was in die optog.

En is u baie seker u het dit gesien gebeur? -- Ek het alreeds hier vir die hof gesê dat dit waaroor ek hier getuig is wat ek onthou plaasgevind het die dag.

My vraag is, is u seker dit het so gebeur? -- Ja, ek is want ek het hom gesien.

En het mnr. Esau Raditsela daardie posisie gehou totdat waar die opmars later uiteen gegaan het? -- Nee.

Wanneer het hy daardie posisie verlaat? Kan u vir ons sê waar was u gewees toe hy daardie posisie verlaat het? -- Ek kan nie meer so goed onthou op watter stadium en waar presies die optog was nie toe hy die posisie verander het. Hy het wel die posisie verander.

HOF : As u praat van posisie verander, bedoel dit op en af beweeg of bedoel dit heeltemal weg beweeg van u af na 'n ander plek toe? -- Dit het gebeur in die loop van hierdie optog dat hy op 'n stadium vorentoe beweeg het en weer teruggekeer het en teruggeval het in die nabyheid waar ek was. Op 'n stadium het hy agter gebly en teruggeval terwyl hy nog as 'n "marshall" was. Daar is 'n sekere stadium waar hy toe heeltemal verdwyn het dat ek hom nooit weer gesien het nie. Dit is daardie stadium wat ek van praat dat ek nie meer kan onthou wanneer en waar dit was toe dit gebeur het nie.

MNR. JACOBS : Was dit toe hy verdwyn het op 'n stadium na

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die mars 'n hele ent darem al weg was van die kerk af? Hy was al in die teerstraat weg van die kerk af? -- Dit is die waarheid.

As daar enige bewerings was dat aanvanklik - laat ek dit eers vir u so vra. Beskuldigde nr. 17, wat het van hom geword nadat hy gepraat het op daardie geleentheid buitekant die kerksaal? -- Ek het nie gesien by watter gedeelte van hierdie optog hy posisie geneem het nie.

Kan u vir die hof sê dat hy glad nie gebly het in die geselskap van Esau Raditsela nie? -- Ek het dit nie opgelet nie.

As hy saam met Esau Raditsela as "marshall" werk gedoen het daar aan die agterpunt waar Esau was, dan sou jy hom gesien het? Jy ken hom mos goed? -- Dit is die waarheid, ja.

En hy was nie daar nie? -- Nie waar ek vir Esau gesien het nie. Ek het hom nie gesien nie.

En beskuldigde nr. 8 nadat hy daar buitekant die kerksaal gepraat het, wat het hy gedoen?-- Ek het nie gesien waar hy 'n posisie ingeneem het op hierdie optog nie.

En as enigiemand sou beweer dat hierdie optog het vertrek sonder Esau Raditsela aanvanklik, omdat hy en beskuldigde nr. 17 en iemand anders eers agter gebly het om die kerk se vensters toe te maak, dan is dit heeltemal verkeerd? -- Ek het alreeds hier gesê elke persoon getuig hier oor wat daardie persoon kan onthou as wat plaasgevind het daar.

<u>HOF</u> : Ja, die vraag is, is dit na u mening verkeerd of is dit na u mening korrek? -- Ek is nie in staat om vir die hof te sê of dit korrek is of nie korrek is nie, want dit is hoe daardie persoon dit waargeneem het.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : So, as dit gebeur het, stel ek aan u, dan is u getuienis heeltemal verkeerd? -- Wat ek hier vertel is omdat ek gesien het dat Esau by daardie geleenthede wat ek van praat by die plekke was soos deur my genoem.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MOTLALEPULE MARTHA OLIPHANT, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Kan u 'n persoon met die naam Modise Mthombeni? -- Nee.

Ken u vir beskuldigde nr. 9 hier by die hof?

HOF : Sal hy opstaan. -- Destyds het ek hom nie geken nie.

MNR. JACOBS : Kan u onthou op die 3de voor die opmars begin het of jy hom daar gesien het hoewel jy nie sy naam geken het nie? -- Nee, ek kan nie onthou dat ek hom gesien het nie. Ek stel my nie voor dat ek hom ooit gesien het nie. Al was hy daar het ek hom nie gesien nie.

Ek wil dit aan u stel dat u getuienis dat daarso by die interseksie waar die opmars die effense kurwe na regs geneem het en waar die pad aansluit wat van die stadion af kom, het u die plek - dit is net na Fowler se bushalte. Verstaan jy na watter plek ek verwys? -- Ja, ek verstaan.

Ek wil dit aan u stel dat daarso op daardie interseksie is daar 'n steeg wat daar inkom van gebied 11? -- Ja, daar is 'n steeg daar.

En ek wil dit aan u stel dat u getuienis dat daar niks gebeur het by daardie interseksie nie of voor daardie interseksie nie, is nie heeltemal reg nie en dat die mars dieselfde spoed geloop het, is nie reg nie en ek wil dit aan u stel dat daar het mense uit daardie steeg gekom by die voorpunt van die mars en op daardie stadium toe die voorpunt

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die mars daar was en nadat daardie mense uitgekom het, is van die mense van die voorpunt van die mars in daardie steeg in op. Wat sê jy daaromtrent? -- Ek het hier vir die hof gesê watter posisie ek in was heel agter in die middel van die optog. Dus vanwaar ek was in daardie posisie was ek nie in staat gewees om te sien wat heel voor aan die voorpunt van die optog soos beskryf word gebeur nie.

Dit is moontlik dat dit so kon gebeur het sonder dat jy dit gesien het? -- Ja, miskien het dit gebeur en dat dit net ek is wat dit nie gesien het nie.

En dan wil ek dit aan jou ook stel dat daar het in die rigting van daardie steeg aan die einde van die steeg lateraan, 'n rukkie later terwyl die mars nog in daardie omgewing was, rook uitgeslaan omdat daar 'n plek aan die brand gesteek was? -- Ek het wel bewus geword van die rook daar in daardie omgewing, maar ek het aanvaar dat dit hierdie tipe rook was as gevolg van die stowe wat gebrand het aangesien mense nie werk toe was nie.

En ek wil dit ook aan u stel dat dit die huis van Caeser Motjeane is wat daar aan die brand gesteek is asook sy voertuie en dat daardie rook wat daar opgegaan het baie meer is as gewone huisrook omdat dit 'n hele huis is wat gebrand het en voertuie wat gebrand het? -- Hoekom ek dit so beskryf het, vanwaar ek was toe ek die rook gesien het, dit was nie sterk gewees nie en dit het na ons kant toe gewaai en dit het geen aanduiding aan my gegee dat daar iets aan die brand was nie.

<u>HOF</u> : Waar was u toe u dit sien? -- Op die optog agter waar ons gestap het.

Waar u was in verhouding met wat was dit? Die BP

Garage/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Garage of Fowler se bushalte of die interseksie of ŉ ander plek? -- Om en by by die einde van die busstop.

Fowler? -- Ja.

Die einde is nou die deel wat u laaste bereik van Fowler? -- Ja.

MNR. JACOBS : En ek wil dit aan u ook stel dat ŉ deel van die opmars se voorpunt was verantwoordelik vir die aan die brand steek van die huis van Caeser? -- Ek het alreeds in my antwoord vroeër gesê dat ek nie kan getuig oor wat daar voor gebeur het nie, want ek was agter.

Het jy vir Esau Raditsela weer daardie dag gesien, hetsy later op die mars of nadat die mars uitmekaar gedryf is? --
K1079 Ek het hom laas gesien die dag van die optog.

HOF : Terwyl u nog in die optog was? -- Dit is so.

MNR. JACOBS : En na dit nie weer nie? -- Nee, ek het hom nie weer gesien nie.

Het jy hom die laaste keer gesien voor die rook by Caeser se huis? -- Ek het getuig dat ek hom gesien het na die optog begin loop het vir ŉ entjie en daarna het hy verdwyn. Sedert daardie tyd wat hy verdwyn het, het ek hom nie weer gesien nie.

Het hy verdwyn voordat julle naby Fowler se bushalte gekom het? -- Ja, ons was nog baie ver van daardie punt.

Het jy jou man gesien by die kerk op enige stadium? -- Ek neem aan ek het alreeds ŉ antwoord gegee op daardie vraag dat ek hom nooit gesien het daar nie.

HOF : Ja, u het geantwoord ten aansien van die saal se binnekant. Ek het nie gehoor dat u geantwoord het ten aansien van die hele perseel nie? -- Ek kon hom nie uitgesoek het tussen daardie klomp mense wat daar was nie. Ek het net geweet hy

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is daar. Dit was genoeg vir my.

MNR. JACOBS : So, met ander woorde, jy het hom glad nie gesien nie? Laat ons dit duidelik kry? -- Ek het hom nie gesien nie.

Nadat hy die oggend saam met Mahlatsi en die ander persoon van jou huis af weg is, wanneer het jy hom die eerste keer daardie dag van die 3de weer gesien? -- In die namiddag toe hy by die huis gekom het. Ek was voor hom by die huis. Hy het toe later opgedaag.

Op 3 September 1984 het jy vir Dorcas Raditsela gesien by die kerk, binne of buite of gedurende die optog? -- Ek het haar in die optog opgemerk. Wat gebeur het is dat ek en Rina Mokoena het water gaan vra om te drink by ʼn huis daar naby in daardie pad. Toe ons afgewyk het van die optog om die water te gaan vra, het ek opgemerk dat sy ook op die optog was.

Wie was saam met haar? Het jy enigiemand opgemerk wat saam met haar was wat jy geken het? -- Nee, ek het nie.

Het jy haar op enige stadium weer gesien later gedurende die optog of nadat die optog uiteen gejaag was by Hunters Garage? -- Ek het haar laas gesien op die stadium wat ek alreeds aan die hof beskryf het.

Het jy haar glad nie weer gesien daardie dag van die 3de nie? -- Nee, ek het haar nie weer gesien nie.

En Edith Lethlake, het jy haar gesien daardie dag? -- Ek het haar nie gesien nie.

Net om duidelikheid te kry. Was u en Rina Mokoena saam by die kerk gewees voor die optog? -- Nie in die kerksaal nie. Ons was nie bymekaar nie, maar met die opstelling van die optog het ek haar toe daar gewaar. Dit is hoe dit gekom het dat ons saam gestap het.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het julle saam weggehardloop na die polisie opgetree het? -- Nee, ek het alreeds gesê ek het alleen weggehardloop en in ŉ huis daar naby skuiling gaan neem, want ek kon nie verder hardloop nie.

Het u vir Rina Mokoena weer daardie dag gesien? -- Nee, ek het haar nie weer gesien nie.

Daar by die interseksie waar die polisie opgetree het, ek wil net duidelikheid kry ... (Hof kom tussenbei)

HOF : By watter interseksie het die polisie opgetree?

MNR. JACOBS : By Hunters Garage waar die polisie opgetree het. Ekskuus. Naby Hunters Garage. Ons het getuienis gehad dat as jy met die pad van die poskantoor af op loop na Hunters Garage se rigting toe, dan gaan dit ŉ opdraande wat die hoogte bereik min of meer reg voor Hunters Garage. Stem jy saam? --

HOF : Is die kruin van die pad nie halfpad tussen die poskantoor en Hunters Garage nie?

MNR. JACOBS : Miskien kan sy dit net vir ons verduidelik. Ek het verstaan, ek mag verkeerd wees, dit is gestel aan een van die getuies wat ek nog nie die oorkonde van gekry het nie.

HOF : Ja?

MNR. JACOBS : Van die poskantoor af in die rigting van Houtkop loop die pad opdraande? -- Ja, dit is ŉ opdraand.

En waar bereik dit die kruin, die hoogste punt van die opdraande? -- Die opdraande wat ons van praat is nie ŉ skerp opdraande nie. Dit is ŉ opdraandetjie wat ŉ mens kan beskou.

Waar bereik dit die hoogtepunt waar dit weer begin afdraand loop? Kan jy vir ons sê in verhouding tot Hunters Garage?

HOF : As u nie onthou nie, sê asseblief vir my u onthou nie, want ek wil regtig nie die ding deurmekaar hê op hierdie

stadium/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

stadium nie? -- Nee, ek weet nie. Ek is nie in staat om dit te kan verduidelik watter punt is die hoogste punt nie.

MNR. JACOBS : As jy met die opdraande opgaan, was die polisie voor die kruin van die opdraande of was hulle aan die ander kant van die kruin van die opdraande, Houtkop se kant? -- Ek het alreeds in my getuienis gesê dat ek heel agter was op hierdie optog en ek het nie die polisie gesien waar hulle was nie. Al wat ek kon sien was die hippo's gewees in die pad toe ek opgekyk het.

U sien, hoekom ek vir u vra, ons het hier getuienis gehad van ŉ getuie van die verdediging wat sê dat die polisie-voertuie het nie dwars gestaan nie, maar die polisie het geskiet uit die bewegende voertuie uit?

HOF : Wat is u saak? Is u saak dat die polisie uit bewegende voertuie geskiet het of is u saak dat die hippo's in die pad geparkeer was?

MNR. JACOBS : Ek wil net by haar weet ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, sê my eers wat is u saak?

MNR. JACOBS : Ek toets haar geloofwaardigheid op hierdie aspek of die ander getuies se geloofwaardigheid.

HOF : Nee, ek wil weet wat is u saak? As wat sy gesê het ooreenstem met u saak, gaan ek u stop. Stem dit ooreen met u saak?

MNR. JACOBS : Dit stem ooreen.

HOF : Nou dan vra u nie die vraag nie. Volgende vraag.

MNR. JACOBS : Ek wil dit net aan u stel dat hierdie dag van 3 September, was hierdie optog deel van die hele proses om die mense op te sweep om raadslede aan te val? -- Ek het alreeds gister in antwoord aan u gesê dat daar geen manier was om mense daar by hierdie vergadering op te sweep nie.

RE-EXAMINATION/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : You told us that you saw Rina Mokoena as the march was about to leave the quadrangle of the church? -- That is so.

And did she join the march with you? -- That is so.

Did you march with her? -- That is so.

Was that some distance before you ever reached zone 7? -- That is true.

NO FURTHER QUESTIONS.

- - - - - - - - - - -

SIMON SIPHIWE TSOTSO, d.s.s. (Through interpreter)

INTERPRETER : The witness is Sotho speaking. (10)

EXAMINATION BY MR BIZOS : Mr Tsotso, are you a bus driver? -- Yes.

Do you live at 12201 zone 7A Sebokeng? -- Yes.

Did you live there with your wife and other members of your family during 1984? -- Yes.

Did you attend a meeting which was held at the Roman Catholic Church hall on 26 August 1984?

COURT : At Small Farms?

MR BIZOS : At Small Farms? -- Yes.

How did you come to attend that meeting? -- I attended (20) this meeting as a result of what I got to know that a meeting was going to be held at the Roman Catholic Church Small Farms.

Did you hear what the meeting was going to be about? -- Yes, I came to know about it as a meeting which was going to be held in connection with the increase on rent.

Was that a matter of interest to you? -- That is so.

Why? -- It was because I wanted to hear how much increase was going to be added on this rent.

What/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

What time did you go to the meeting? -- Although I cannot remember exactly, my estimation of time is just before 14h00 or just after 14h00.

What was happening when you got there? -- On arrival there I found that there was a meeting going on inside the hall, as a result of which I waited outside.

And what happened then? -- When that meeting which was going on on my arrival was closed and the people vacated the hall, we then got into the hall.

And when you got into the hall, what happened? -- When we got into the hall, we found that there were other people already inside the hall. We then waited there to hear when the meeting started as to what was going to happen.

Did the meeting start? -- Yes, the opening of this meeting was by a prayer.

Do you know the person who prayed? -- No, I did not know that person.

Was anyone in charge of the meeting? -- Yes, there was somebody.

Was that the chairman? -- Yes.

Did you know the person who presided at the meeting? -- No, I did not know this person.

Did a number of people speak at this meeting? -- Yes, they did.

And do you remember what the one or other of these people said? -- Yes, what they said in their speeches was that this meeting is held in connection with the increase on rent.

Please carry on and give us your overall impression of this meeting, what it was all about? -- What happened was, after being informed that this was a meeting which is to

discuss/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

discuss the increase on rent, the chairman then called names of different people who were speakers of the meeting, as a result of which then the speakers were given the opportunity of addressing the meeting. After having done that, the meeting was then opened to the audience to whoever wanted to air his or her views about the meeting.

Did you stay there throughout the meeting? -- No, before the closing of the meeting I left.

What was happening at the meeting when you left? -- When I left it was at the stage when it was said that only the people from zone 3 are now going to take part to what is going to happen, namely the election of their leaders in zone 3.

Whilst you were there, were any decisions or resolutions made and taken at this meeting? -- Yes, there were resolutions.

Do you remember what those resolutions were? -- One of the resolutions was that on a certain day the people responsible for this will be approached to be told that we were not going to be in the position to pay the increase on the present rent and that we were not going to buy from the shops owned by the councillors. Those are the resolutions I heard being mentioned there.

Can you recall whether there was any discussion of any stay-away? -- Just repeat that one?

Was there any discussion or suggestion or resolution that there should be a stay-away? -- Yes, I remember that.

What was said about that? -- What was said was that that day will be the day which is set aside to go and talk to the people responsible for the increase on the rent.

Who would go? -- What was said was that the community meaning the residents shall have to go.

Go/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Go where? -- To the offices where the people responsible for the increase of the rent are to be met.

When you listened to these speeches, did you hear anyone say that councillors must be killed and councillors' property must be destroyed? -- No.

Did only men speak there? -- No, not only men.

Women also? -- Yes.

COURT : Children also? -- No.

MR BIZOS : On the 26th, during that meeting, was anything said about buses? -- No, I cannot remember.

Or taxi's? -- Abcut taxi's as well.

COURT : You cannot remember? -- Yes.

MR BIZOS : Did you go to work on the morning of the 3rd? -- Yes, I did.

COURT : Where do you work? -- I am employed in Kliptown.

That is part of Vereeniging? -- Kliptown Nancefield Industrial. Our bus depot is there. It is in Johannesburg.

MR BIZOS : Which is your company? -- PUTCO.

And did you drive your bus on the morning of the 3rd? -- Yes, I was first in a staff bus, that is a PUTCO staff bus from my house to the place of employment and on arrival there, I started working.

Where does the staff bus start? -- The staff bus takes off from the bus depot in Evaton and then it goes through different zones, zones for instance like zone 12, 11, 7, 3 et cetera until it joins the Golden Highway in the direction of Johannesburg.

COURT : At what time did you board it? -- At 04h00.

MR BIZOS : How long does it take to do this whole tour of the various zones in order to pick up employees? -- It

depends/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

depends. We go to a driver to pick him up at his place, only to find that that driver is still asleep. So, we must wait for him to wake up and be ready to come into the bus. That is time wasted. I am therefore not in a position to tell His Lordship exactly how long it takes, but at times at about 05h30 is the time when we leave the township.

COURT : What time do you clock in for work? -- 06h00.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : Is everybody picked up at his own home? -- Yes.

MR BIZOS : Just for the record, is Kliptown between Johannesburg and Vereeniging? -- It is in Johannesburg, not even inbetween, but it is just in the magisterial district of Johannesburg.

But on the road to Vereeniging?

COURT : We can always look it up, Mr Bizos. Are you a slow driver? -- Well, I consider myself to be a normal driver, not slow, not fast.

I asked the question listening to your evidence. You said to me that you clocked in for work at 06h00. The other drivers, do they start earlier, those in the staff bus, or do they all clock in at 06h00? -- Some clock in with me and some later.

MR BIZOS : Whilst you were doing this tour of Sebokeng and to the various zones to pick up the drivers, whether they had woken up yet or not, were there any obstructions on the road? -- No, there was none.

Was your journey through the township interrupted in any way either by any obstructions or any stoning or anything like that? -- No.

COURT : When did you return to the township? -- When I

arrived/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

arrived at home it was 19h30.

At night? -- Yes.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Tsotso, net om duidelikheid te kry. Op 3 September 1984 is jy by jou huis opgelaai en na jou werk toe geneem? -- Ja.

Hoe laat is jy daardie oggend spesifiek opgelaai? -- Die normale tyd, soos ek alreeds gesê het om 04h00.

So, 04h00 daardie oggend het jy in die bus geklim. Van jou huis af wat jy sê is in gebied 7 Sebokeng, van daar af verder in gebied 7, in watter gebiede het jy nog gery daardie oggend waar mense opgelaai is wat moes werk toe gaan? Met ander woorde, van gebied 7 waar jy opgelaai was na watter gebied het julle heen gery? -- Van gebied 7 af is ons na Residensia toe. Residensia, gebied 3. Dit hang nou af hoeveel drywers is in daardie gebied, wat daar woon.

HOF : U word net gevra oor die volgorde. In gebied 7 is u opgelaai. Toe is julle na Residensia, toe is julle na gebied 3 en waarnatoe is julle toe, daardie betrokke oggend? -- Evaton waarvandaan ons toe uit is uit die woonbuurt uit na Kliptown toe.

En het dit vir u 'n uur en 'n half gevat? -- Ja, soos ek alreeds vroeër gesê het, dit gebeur soms dat ons kry 'n drywer wat nog aan die slaap is. Ons moet die man wakker maak en wag vir hom.

MNR. JACOBS : Het dit daardie oggend gebeur? Ons wil nie weet wat somtyds gebeur nie. Ons wil spesifiek weet wat het gebeur op die oggend van die 3de? Moes julle vir enige drywers wag nadat julle hulle opgelaai het? -- Ja.

Waar moes julle daardie spesifieke oggend 'n drywer wakker maak en vir hom wag? -- Dit is in gebied 7 by die

area/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

area bekend as 18 Side.

En was dit net kort nadat jy ook self op die bus geklim het? -- Omtrent vyftien minute na ek in die bus ingeklim het.

Is dit die enigste geval daardie oggend? -- Nee, dit is nie die enigste geval nie.

Miskien kan ons dit kort sny op hierdie manier. Kan jy vir ons sê hoe laat het julle werklik gearriveer by jou werksplek daardie oggend? -- Wanneer? Hierdie dag?

Ja. Dit is waarvan ons praat. -- Om 05h45 het ons daar gearriveer.

En kan jy vir ons sê, toe julle uit die Vaal se gebied uitgegaan het, daar by die Golden Highway aangesluit het, hoe laat was dit toe? 05h00? Voor 05h00? -- 05h10.

As ek reg verstaan dan kan u nie onthou wat, as ek jou getuienis reg opsom soos wat jy hier getuig het, gebeur het op die vergadering van 26 Augustus 1984 nie? -- Ek verstaan nie wat u nou bedoel nie.

HOF : Wel, hy het vir ons vertel wat daar gebeur het.

MNR. JACOBS : Jy kan nie alles onthou nie, jy kan nie goed onthou wat daardie dag gebeur het op die vergadering van die 26ste Augustus 1984 nie? -- Dat ek nie goed onthou nie?

Ek vra vir jou, is dit so dat jy nie goed kan onthou nie? Stem jy saam daarmee of nie? -- Wat in daardie vergadering gebeur het?

Ja? -- Ek onthou, al onthou ek nie alles nie.

Het enige voorvalle op daardie vergadering plaasgevind? -- Daar was net woorde wat gebesig is daar, maar ek kan nie van 'n voorval onthou nie.

Was die vergadering op enige stadium oproerig en raserig of deurmekaar, wanordelik? -- Ja.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wat het gemaak dat die vergadering wanordelik geraak het? -- Dit was as gevolg van 'n sekere man wat daar wou gepraat het, waarop die mense toe gesê het hy moet verder praat en die ander sê nee, hy mag nie.

Was die mense toe kwaad vir hom gewees? -- Nee, hulle was nie kwaad nie.

Was die vergadering so wanordelik, het die mense so geskreeu en te kere gegaan dat twee mense nodig was om dit te stop en tot orde te bring? -- Die geraas was daar gewees as gevolg waarvan die voorsitter opgetree het om vir hulle te sê dat hulle nie so hard moet praat nie.

Was dit net die voorsitter? -- En nog 'n ander persoon wat saam met hulle daar was, dit wil sê saam met die voorsitter. Hy het ook gehelp om die mense te laat stil bly.

Op hierdie vergadering, kan jy onthou het daar enige insident plaasgevind of het jy enige baniere daar gesien? -- Herhaal die vraag vir my?

Het jy op enige stadium gesien 'n banier op daardie vergadering? -- Weet u wat my verwar met hierdie vraag is die gebruik van die woord banier. Ek verstaan nie wat 'n banier is nie.

'n Vlag wat deur mense ...-- Ja, ek onthou dat daar een was.

Waar was hy gewees? -- Daar bo-op die verhoog was dit gewees.

Wat het op hom gestaan? -- Op die vlag was daar geskryf oor die organisasie van die Vaal VCA.

Nog iets? -- Iets van UDF was ook daar aangebring.

Was hierdie vlag daar op die muur of daar bokant die verhoog aangebring - reeds aangebring toe jy daar aangekom het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het? -- Nee.

Wanneer het dit daar gekom? -- Net voor die vergadering uit was het twee jeug met die vlag daar aangekom. Hulle het dit gedra.

Was hulle alleen, net twee jeug?

HOF : Kom ons noem hulle jeugdiges, dan is ons darem besig met Afrikaans. -- Nie net hulle, die twee nie, hulle was ŉ klompie gewees maar nie meer as tien nie.

MNR. JACOBS : Is al tien van hulle na die verhoog toe? -- Nee, nie almal nie. Die res van die mense het agtergebly daar tussen die gehoor.

As jy sê die res, is dit net die twee wat die banier gedra het wat dit na die verhoog toe gevat het en na die verhoog toe gegaan het? -- Ja, die ander was net daar voor die verhoog gewees, maar nie bo-op nie.

Het enige van die mense wat met hierdie vlag of banier gekom het enigsins aktief deelgeneem aan hierdie vergadering, hetsy deur te praat of oor te neem op enige stadium? -- Ek kan nie onthou nie.

Kan u onthou was daar enige liedere gesing gedurende hierdie vergadering? -- Ja, daar was liedere gewees wat gesing was.

Wat se liedere? -- Dit was liedere gewees wat ek nie so goed ken nie. Eintlik wat nie aan my bekend was nie.

Was daar gesing oor Mandela? -- Nee, ek het nie gehoor nie.

Tambo? -- Dit ook nie.

Waaroor het hierdie liedere gegaan? -- Dit was liedere gewees, maar ek kan nie so goed beskryf watter soort nie. Wat ek wel kan sê is dat dit was nie kerkliedere gewees nie.

HOF : Waar het u groot geword? -- Evaton.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het u u hele lewe lank daar gebly? -- Ja.

Hoe oud is u nou? 28.

MNR. JACOBS : Het jy ooit herdenkingsfeeste wat gehou was in woongebiede in die Vaal bygewoon? Of herdenkingsdienste? -- Nee, ek het nie.

Het jy die liedere al ooit voorheen gehoor? -- Dit is nou die liedere wat in hierdie vergadering gesing was?

HOF : Ja? -- Ja, ek het gehoor dat die liedere sommer so gesing word.

MNR. JACOBS : By watter geleenthede? -- Dat dit deur kinders in die strate gesing was.

As u verwys na kinders in die strate, wat se kinders? Watter ouderdomme? -- Ons kinders.

Watter ouderdomme? -- Van 14 jaar oud na onder toe.

Was hulle in groepe wanneer hulle dit so gesing het? -- Ja, as die kinders bymekaar is byvoorbeeld in ŉ klompie, dan hoor ŉ mens sommer so dat hulle begin sing.

Het jy nooit sulke liedere gesing nie, hierdie liedere? -- Nooit nie.

Ook nie eers as ŉ kind nie? -- Ek het dit nog nie gesing nie. Al liedere wat ons gesing het, was die liedere wat by die troue gesing was.

Op hierdie vergadering wat jy nou bygewoon het - as ek jou getuienis reg verstaan, sê vir my as ek verkeerd is asseblief, was elke spreker gevra en as hy klaar gepraat het dan is die volgende spreker gevra om te praat, tot al die sprekers klaar gepraat het en toe is die vergadering oopgesit vir die gehoor? -- Ja.

En verstaan ek dan ook korrek dat terwyl die mense besig was om hulle toesprake te lewer, tussenin het niemand

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die gehoor af enigsins ingemeng of onderbreek of gevra of iets gedoen nie? -- Is die vraag bepaal op die stadium net wanneer die sprekers gepraat het of dek dit ook die tydperk wat die vergadering oop gestel was vir die gehoor?

Net die tydperk wat die sprekers gepraat het? -- Nee, daar is niemand wat die sprekers in die rede geval het daar nie.

Of net na hulle gepraat het was daar ook nie, sê nou maar as een spreker gepraat het voor die volgende een, is daar nie tussen daardie twee sprekers se toesprake, iemand wat ooit gevra het of in die rede geval het nie? -- ŉ Persoon wat nie eintlik as ŉ spreker daar voorgestel is nie?

Ja? -- Nee, daar was nie.

Die tyd toe die vergadering oop gestel was vir die of op enige stadium, kan jy vir die hof sê, was daar enige vraag gevra wat sou gebeur met mense wat beseer word of gearresteer word as hulle op die 3de gaan om met die raadslede of die mense wat verantwoordelik is vir die verhoging van die huur te gaan praat? -- Daar was so ŉ vraag gewees, ja.

En was dit toe daar bespreek omtrent hoe dat hierdie mense dan beseer sou word onder daardie omstandighede? -- Ek volg nie daardie vraag nie?

<u>HOF</u> : Is dit u saak? Dat daar ŉ vraag gevra was oor hoe mense beseer sou word?

<u>MNR. JACOBS</u> : Ja.

<u>HOF</u> : Dat daar ŉ bespreking was oor hoe hulle beseer sou word? Is dit u saak? Ek vra nie het u vir my vertel wat mev. Nyembe gesê het nie. Is dit die staat se saak?

<u>MNR. JACOBS</u> : Nee, ek toets sy geloofwaardigheid op hierdie aspek om uit te vind wat ... (Hof kom tussenbei)

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Sy geloofwaardigheid of sy geheue?

MNR. JACOBS : En sy geheue.

HOF : Het u nie al sy geheue goed genoeg gesien nie?

MNR. JACOBS : Soos dit u behaag.

HOF : U weet, ek het op 'n stadium die strafproseswet gelees, baie lank gelede. Daar is 'n reg op die staatsaanklaer om te kruisvra. Ek het nie daarin gelees dat daar 'n verpligting is op die staatsaanklaer om te kruisvra nie. Het u nog vrae?

MNR. JACOBS : Ek het geen verdere vrae nie.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : No questions.

GEEN VERDERE VRAE.

HOF VERDAAG TOT 25 JANUARIE 1988.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.